**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saak Nr. : 5259/2009

In die aansoek van:-

**NICOLAI PETER NICOLAISEN** 1ste Applikant

**JUDITH ALETTA NICOLAISEN** 2de Applikant

---

**AANGEHOOR OP:** 29 OKTOBER 2009

---

**UITSPRAAK DEUR:** A. KRUGER, R

---

**GELEWER OP:** 5 NOVEMBER 2009

---

[1] Applikante, wat in 2002 geskei is, doen aansoek om 'n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet op Egskeiding, 70 van 1979, saamgelees met artikel 37D van die Wet op Pensioenfondse, 24 van 1956, soos gewysig, dat eerste applikant 100% van die opbrengs van sy pensioenbelang in 'n polis, soos op datum van egskeiding, aan tweede applikant laat toekom.

[2] Artikel 37D(1)(d) van die Wet op Pensioenfondse is bygevoeg deur artikel 28(b) van Wet 11 van 2007, wat op 13

September 2007 in werking getree het. **KIRCHNER v KIRCHNER AND ANOTHER** 2009 (4) SA 448 (W) het met artikel 37D(1)(d) gehandel soos wat dit op 10 Junie 2008 (toe die Kennisgewing van Mosie uitgereik is) gelees het. In **KIRCHNER** was die egskeiding op 7 Augustus 2007, dus voordat artikel 37D(1)(d) op 13 September 2007 in werking getree het en die hof beslis dat artikel 37D(1)(d) nie terugwerkende krag het nie en wys die aansoek af. Ná die **KIRCHNER**-beslissing is artikel 37D gewysig.

[3] Artikel 37D(4)(d) lees soos ingevoeg deur artikel 16(c) van Wet 22 van 2008 met ingang van 1 November 2008:

> "(4) *(a)* By die toepassing van artikel 7 (8) *(a)* van die Wet op Egskeiding, 1979 (Wet No. 70 van 1979), word die gedeelte van die pensioenrente ingevolge 'n egskeidingsbevel of bevel vir die ontbinding van 'n gebruiklike huwelik aan die nie-lid eggenoot toegewys, geag die lid toe te val op die datum waarop die egskeidingsbevel of bevel vir die ontbinding van 'n gebruiklike huwelik toegestaan word, en, by die skriftelike voorlegging van die hofbevel deur die nie-lid eggenoot –
>
> .....

*(d)* Enige gedeelte van die pensioenrente toegewys aan die nie-lid eggenoot ingevolge 'n egskeidingsbevel of bevel vir die ontbinding van 'n gebruiklike huwelik toegestaan voor 13 September 2007 word by die toepassing van enige wet behalwe die Inkomstebelastingwet, 1962, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, artikel 7 (8) *(a)* van die Wet op Egskeiding, 1979, geag opgeloop te wees aan die lid op 13 September 2007 en moet ooreenkomstig paragrawe *(a)* en *(b)* betaal of oorgedra word."

[4] Hierdie bewoording maak dit duidelik dat artikel 37D(4) terugwerkende krag het, wat die uitwerking van die **KIRCHNER**-saak neutraliseer – sien Schäfer, **Family Law Service**, Afdeling D, bl. 18 en 19 en Van Niekerk, **A Practical Guide to Patrimonial Litigation in Divorce Actions**, bl. 7-9.

[5] Die applikante is geregtig op die regshulp soos deur hul versoek.

[6] **Bevel:**

1. Een honderd persent (100%) van die eerste applikant se pensioenbelang in Ou Mutual polisnommer 9041381

soos op datum van egskeiding synde 15 Augustus 2002, word aan die tweede applikant toegewys in terme van die bepalings van artikel 7 (8) (a) van die Wet op Egskeiding, Wet 70 van 1979, saamgelees met die bepalings van artikel 37D van die Wet op Pensioenfondse van 1956, soos gewysig.

2. Die Griffier van hierdie Hof moet ooreenkomstig die bepalings van artikel 7 (8) (a) (ii) van die Wet op Egskeiding, Wet 70 van 1979, onverwyld die Ou Mutual Versekeringsmaatskappy ("die pensioenfonds") in kennis moet stel dat 'n aantekening in sy rekords gemaak moet word dat:

   2.1 een honderd persent (100%) van die eerste applikant se pensioenbelang in Ou Mutual polisnommer 9041381 aan die tweede applikant betaalbaar is.

   2.2 die administrateur van daardie pensioenfonds, binne een maand na ontvangs van sodanige kennisgewing, skriftelike bewys van sodanige aantekening aan die Griffier moet lewer.

3. Die Ou Mutual Versekeringsmaatskappy binne sestig dae na die betekening op hom van hierdie bevel, die eerste applikant se pensioenbelang in Ou Mutual polisnommer 9041381, direk aan die tweede applikant moet betaal.

4. Die eerste applikant die koste van hierdie aansoek moet betaal.

A. **KRUGER, R**

Namens die applikante: Adv. C.A. Human
In opdrag van:
Vermaak & Dennis
BLOEMFONTEIN

/sp